Dit word gerapporteer dat die hoewes geskik is vir beeste en skape en somergewasse. Dit word verder gerapporteer dat die hoewes dig begroei is met 'n groot verskeidenheid van hoë bome, struikgewasse en gemengde grassoorte van goeie voedingswaarde.

Serwitute.—Die minerale en ondergeskikte regte is ten gunste van derde partye voorbehou.

Hoewe No. 11 is onderworpe aan 'n serwituut van uitspanning, groot 1/75ste van 3,379.1732 morge.

SPESIALE VOORWAARDES.—Dit sal 'n huurvoorwaarde wees van hoewes Nos. 8, 10 en 11 dat die suksesvolle applikant die damme wat opgerig is onder die Goewermentskema vir die bestryding van grondverspoeling en die bou van klein damme in goeie orde en toestand moet hou.

Verbeterings volgens rapport:—

Hoewe No. 8.—Boorgat en dam, gronddam en omheining.
Hoewe No. 9.—Boorgat en omheining.
Hoewe No. 10.—Boorgat, windmeul en dam, gronddamme en omheining.
Hoewe No. 11.—Gronddam en omheining.

Hoewe No. 12.—Geleë omtrent 12 myl noord van Middelburg-dorp en -spoorwegstasie. (Vorige huurder, E. A. van Dyk.) Volgens rapporte is die hoewe gesond en geskik vir melkkoeie en varke en waarskynlik kan sekere soorte van bome geplant word. Daar is twee damme in die vlei onderkant die woonhuis; dit is moontlik om gedurende gewone jare 2 morge grond te besproei.

Dit word gerapporteer dat die volgende verbeterings op die hoewe is: Woonhuis (4 vertrekke, rousteen, sinkdak), 2 buitepakkamers, 'n klein winkel langs die pad, sagte vrugteboord, gom- en wattelbome, 2 damme, klipkraal en skuur (het reparasie nodig), put en handpomp en omtrent 2 myl omheining.

Serwitute.—Alle minerale en ondergeskikte regte is ten gunste van „Henderson Consolidated Corporation, Ltd." voorbehou.

OPMERKING.—Op verskillende hoewes hierby geadverteer, is tydelike huurders of opsigters, en hulle moet toegelaat word om die gesaaides, wat op datum van toekenning op daardie hoewes is, te versorg en te oes.

GENERAL CONDITIONS.

The leases to be issued will contain conditions relative to residence, improvements, fencing, minerals, outspans, roads, and such other conditions as are usually inserted in the agricultural leases granted under the Land Settlement Act, No. 12 of 1912, as amended.

The rentals, which are payable yearly in advance, are calculated on the purchase price on the following percentage basis:—

First and second years: Nil.
Third year: 2 per cent. per annum.
Fourth and fifth years: 3½ per cent. per annum.
In the event of extension of lease after five years: 3½ per cent. per annum.

In the event of the option of conditional purchase being exercised, the purchase price becomes payable in 65 equal yearly instalments, which include capital and interest, the latter being calculated at the rate of 3½ per cent.

Occupation—

The leases to be issued will contain conditions to the effect that the lessees shall personally and beneficially occupy the holdings allotted within a certain period from the date of allotment, and thereafter for a particular period during every calendar year as follows:—

Holdings Nos. 1 and 3 to 12 to be occupied within three months and for at least eleven months in every calendar year.
Holding No. 2 within three months and for at least nine months in every calendar year.

Boreholes—

A clause will be inserted in the leases which it is proposed to issue in respect of those holdings on which boreholes have been or may be sunk, giving the Government access to and the right to take water from the boreholes for drilling purposes for a period of five years from the dates of the leases.

It will be a condition of lease that the successful applicant for any of the above holdings on which boreholes exist or may be sunk previous to or after allotment will be held responsible, as from the date of allotment or of completion of the work, for the proper care and maintenance of the borehole or boreholes on his holding, and shall be liable for any damage caused thereto. He must, therefore, on no account raise water without proper pumping machinery.

All boreholes are, as a rule, equipped with hand-pumps, but it may possibly occur that in isolated cases no pump has been erected, in which case inquiries as to the most suitable machinery to be utilized in connection with any borehole should be made to the Director of Irrigation, Pretoria, by the successful applicant before proceeding to erect pumping machinery.

The pumping test made by the Irrigation Department in connection with the boreholes mentioned was as reliable as possible, but the Government accepts no responsibility for any loss or damage that may be sustained by a lessee should on a new or extended pumping test taking place the water supply in the borehole be found to be less than that stated in this notice, or in the event of the other particulars given in respect of the borehole being found to be inaccurate.

Surveys.

Should it at any time be found necessary to resurvey a holding, or take out a certificate of amended title, owing to errors in the existing survey, all costs incidental to such survey or certificate of amended title must be borne by the lessee. Should it be found that the holding is of greater extent than that stated in this notice the lessee shall benefit thereby, without any increase of purchase price being made; on the other hand, should the area be found to be less than that stated in this notice, the lessee shall accept such lesser area without reduction of the purchase price, and no claim against the Government will exist in respect of any reduced area.

Sub-divisions—

In the event of any of the holdings being alloted to two or more lessees it shall be a special condition of the lease that the Minister may at his discretion call upon the lessees to have the holding sub-divided at their own expense in a manner agreed upon by the lessees and approved by the Minister, or, failing such agreement within a period of not more than three months, in a manner to be determined by the Minister. Such agreement amongst the lessees or determination by the Minister shall state—

(1) the share to be borne by each lessee in respect of the costs of sub-division, inclusive of the costs of survey;
(2) where any advance has been made, the amount whereof has not been added to the purchase price, the share to be received by each lessee in respect of any stock, implements, or other things and the amount of the liability to be assumed by each lessee in respect of the share received by him;

ALGEMENE VOORWAARDES.

Die huurkontrakte wat uitgegee word, bevat voorwaardes in verband met okkupasie, verbeterings, omheining, minerale, uitspannings, paaie en sulke ander voorwaardes as wat gewoonlik gestel word in landbou-huurkontrakte, uitgereik kragtens die „Kroongrond Nederzettings Wet, No. 12 van 1912", en Wysigingswette.

Die huurgeld, wat jaarliks vooruitbetaal moet word, is bereken op die koopprys volgens onderstaande persentasiebasis:—

Eerste en tweede jaar: Niks.
Derde jaar: 2 persent per jaar.
Vierde en vyfde jaar: 3½ persent per jaar.
Ingeval van verlenging van huurkontrak na vyf jaar: 3½ persent per jaar.

Ingeval die opsie van voorwaardelike aankoop uitgeoefen word, is die koopprys betaalbaar in 65 gelyke jaarlikse paaiemente wat kapitaal en rente insluit. Laasgenoemde word bereken teen 'n rentekoers van 3½ persent.

Inbesitneming.

Die huurkontrakte wat uitgereik moet word, sal die bepalings bevat dat die huurders die plase wat aan hulle toegeken word, persoonlik en op nuttige wyse moet bewoon binne 'n sekere termyn vanaf die datum van toekenning en daarna vir 'n bepaalde termyn elke jaar, soos hieronder aangegee:—

Hoewes Nos. 1 en 3 tot 12 moet binne drie maande geokkupeer word, en vir minstens elf maande in elke kalenderjaar.
Hoewe No. 2 binne drie maande en vir minstens nege maande in elke kalenderjaar.

Boorgate—

Die huurkontrakte wat aangegaan moet word ten aansien van die hoewes waarop boorgate reeds gemaak is of later gemaak word, sal 'n klousule bevat wat die regering die reg van toegang verleen tot, en die reg om water te neem uit die boorgate vir boordoeleindes, gedurende 'n termyn van vyf jaar vanaf die datum van die huurkontrakte.

'n Voorwaarde van die huurkontrak sal wees, dat die suksesvolle applikant om enige van bogenoemde hoewes waarop boorgate bestaan of voor of na toekenning gemaak word, met ingang van die datum van toekenning of van voltooiing van die werk, verantwoordelik gehou sal word vir die behoorlike oppas en instandhouding van die boorgat of boorgate op sy hoewe en aanspreeklik sal wees vir enige skade daaraan veroorsaak. Hy moet derhalwe in geen geval sonder behoorlike pompmasjinerie water daaruit trek nie.

Alle boorgate is in die reël met handpompe toegerus, maar dit is moontlik dat daar in sommige gevalle geen pomp opgerig is nie. In sulke gevalle behoort die suksesvolle applikant, alvorens pompmasjinerie op te rig, by die Direkteur van Besproeiing, Pretoria, navraag te doen betreffende die masjinerie wat die geskikste is vir die gebruik in verband met so 'n boorgat.

Die toets deur die Departement van Besproeiing gedoen in verband met die hoeveelheid water wat uit genoemde boorgate gepomp kan word, was so vertroubaar moontlik. Die regering aanvaar egter geen aanspreeklikheid vir enige verlies of skade nie wat deur 'n huurder gely mag word indien dit by 'n nuwe of uitgebreide toets blyk dat die water in die boorgat minder is as in hierdie kennisgewing vermeld, of ingeval ander besonderhede aangaande die boorgat gegee, onjuis blyk.

Opmetings—

Indien dit ooit noodsaaklik blyk om die hoewe opnuut op te meet of 'n sertifikaat van gewysigde eiendomsbewys uit te neem weens foute in die bestaande opmeting, moet alle koste van so 'n opmeting of sertifikaat van gewysigde eiendomsbewys deur die huurder gedra word. Indien dit blyk dat die hoewe groter is as in hierdie kennisgewing vermeld, kom die voordeel daarvan aan die huurder toe sonder dat die koopprys van die hoewe verhoog word; blyk dit daarenteen dat die grond kleiner is as in hierdie kennisgewing vermeld, moet die huurder dit aanvaar sonder vermindering van die koopprys en in so 'n geval het hy, ten opsigte daarvan, geen vordering teen die regering nie.

Onderverdelings—

'n Spesiale bepaling van die huurkontrak is dat, ingeval 'n hoewe aan twee of meer huurders toegeken word, die Minister, na goeddunke van die huurders kan verlang om die hoewe op hul eie koste onder te verdeel op 'n wyse soos deur die huurders ooreengekom en deur die Minister goedgekeur, of as hulle in gebreke bly om binne 'n tydperk van hoogstens drie maande so 'n ooreenkoms te tref, dan op 'n wyse wat die Minister vasstel. Sodanige ooreenkoms tussen die huurders of vasstelling van die Minister moet vermeld—

(1) die aandeel van die onderverdelingskoste wat elke huurder moet betaal, met inbegrip van die koste van opmeting;
(2) indien 'n voorskot verleen word, waarvan die bedrag nie by die koopprys gevoeg is nie, die aandeel wat elke huurder moet ontvang van enige vee, gereedskap of ander goedere en tot watter bedrag elke huurder aanspreeklikheid moet aanvaar vir die aandeel wat hy ontvang het;

(3) the purchase price of each sub-division, due regard being had to any improvements effected by the Minister or by means of an advance made by the Minister, and the share of the capital amount of such instalments as may have been paid.

The lessees shall undertake, within three months after such agreement has been reached or determination has been made by the Minister, to take at their own expense such steps as may be necessary to effect proper and legal cession of the interests in the lease in accordance with the aforesaid agreement or determination by the Minister.

General Remarks.

Issue of Crown Grants—

Crown grants of holdings may, in special cases, with the approval of the Governor-General, be issued before the expiry of a period of ten (10) years from the date of allotment. When a lessee, after five (5) years' tenancy can satisfy the Land Board that the value of his holding with permanent and substantial improvements exceeds by one-fourth the total indebtedness of the lessee to the Government, section *eight* of Act No. 21 of 1922 enables the Minister to issue a Crown Grant and accept a mortgage bond for the total amount of the then remaining indebtedness.

The holdings hereby advertised are subject to the provisions of section *nine* of Act No. 45 of 1937, which reads as follows:—

> " No alienation, hypothecation, encumbrance by means of a servitude (other than a servitude of usufructus, usus or habitatio) or division of any land which is a holding or portion of a holding shall be effected after the commencement of this Act without the consent in writing of the Minister, granted upon the recommendation of the Land Board, on such conditions as the Minister may think fit to impose . . ."

Fencing—

In the event of the Government being required, in terms of the Fencing Act, No. 17 of 1912, or any amendments thereof, to contribute towards the cost of fencing the boundaries, or any part thereof, of any of the holdings advertised in this notice, or to accept liability for the payment of such contribution prior to the registration of the lease, the successful applicant shall, on allotment being made to him, assume liability for the payment of such contribution. The amount of such contribution shall be paid by the allottee to the Government in cash, or at the option of the allottee it may be added to the valuation of the holding, in which case the rental payments and interest on the purchase price shall be increased accordingly. The successful applicants for any of the holdings on which the boundaries or part thereof are fenced shall accept liability under the Fencing Act, 1912, or any amendment thereof, for any amounts which may be claimed by adjoining owners in terms of the said Act.

Miscellaneous—

In the case of accidents to persons or cattle consequent on the existence of shafts, tunnels, and other conditions arising out of prospecting and mining operations undertaken prior to the date of the commencement of the lease, the lessee shall not be entitled to compensation from the Government or the prospector or claimholder.

All rights to minerals, mineral products, mineral oils, metals, and precious stones are reserved to the Crown unless otherwise stated in this notice.

The Department has made every effort to render as accurate as possible the information given in this notice, but does not hold itself responsible for any inaccuracies which may be contained in this notice.

The rent paid during the lease period of five years is not deducted from the purchase price in the event of the option to purchase being exercised.

Applicants are recommended personally to inspect the holdings before formally applying therefor. In considering applications for holdings, Land Boards decline, as a rule, to recommend allotments to applicants who have failed to inspect personally or to have had inspected on their behalf the holding applied for. No railway or transport concessions are given by the Government in connection with the inspection of holdings.

Occupation can be granted immediately upon allotment, unless other provision be made in the letter of allotment.

All applications must be submitted on the prescribed form, which can be obtained from the magistrates of the districts in which the farms are situate; the Secretary for Lands, Pretoria; the Provincial Representative, Department of Lands, Parliament Street, Capetown, and the Provincial Representative, Department of Lands, P.O. Box 316, Bloemfontein.

The Department has a staff dealing specially with applications and inquiries for land, and prospective settlers desirous of obtaining information with regard to land settlement are advised to apply for such information direct to the Department of Lands, Union Buildings, Pretoria.

(3) wat die koopprys is van elke onderverdeling met behoorlike inagneming van alle verbeterings wat deur die Minister aangebring of deur middel van 'n voorskot deur die Minister verleen is, en watter deel van die reeds betaalde paaiemente kapitaal is.

Die huurders moet binne drie maande na so 'n ooreenkoms gesluit of 'n vasstelling deur die Minister gemaak is, onderneem om op hul eie koste sodanige maatreëls te tref as wat nodig is om volgens Wet die regte in die huurkontrak, volgens bogenoemde ooreenkoms of vasstelling deur die Minister, behoorlik te sedeer.

Algemene Opmerkings.

Uitreiking van Kroongrondbriewe.

Kroongrondbriewe van hoewes kan in spesiale gevalle met toestemming van die Goewerneur-generaal uitgereik word voor afloop van 'n termyn van tien (10) jaar na datum van toekenning.

As 'n huurder, nadat hy 'n hoewe vir vyf (5) jaar gehuur het, die Landraad kan oortuig dat die waarde van sy hoewe met permanente verbeterings van 'n deeglike aard een-vierde meer bedra as die totale skuld van die huurder aan die regering is die Minister kragtens artikel *agt* van Wet No. 21 van 1922 bevoeg om 'n Kroongrondbrief uit te reik en vir die totale bedrag van die skuld wat dan oorbly, 'n verband aan te neem.

Die hoewes hierby geadverteer, is onderworpe aan die bepalings van artikel *nege* van Wet No. 45 van 1937, wat as volg lui:—

> ,, Na die inwerkingtreding van hierdie Wet mag geen grond wat 'n hoewe of 'n deel van 'n hoewe is, vervreemd, verpand, deur 'n ander serwituut as 'n serwituut van vruggebruik, van gebruik of van bewoning beswaar word, of verdeel word nie, sonder skriftelike toestemming van die Minister op aanbeveling van die landraad verleen op sodanige voorwaardes as wat die Minister wenslik ag om te stel . . . . ."

Omheinings—

Ingeval die regering, ingevolge die Omheiningswet, No. 17 van 1912, of enige wysiging daarvan, moet bydra tot bestryding van die koste van die tussenheinings of enige gedeelte daarvan ten opsigte van die hoewes in hierdie kennisgewing geadverteer, of om aanspreeklikheid vir die betaling van sodanige bydraes te aanvaar voor die registrasie van die huurkontrak, moet die suksesvolle applikant by die toekenning van 'n hoewe aan hom, die aanspreeklikheid vir die betaling van sodanige bydraes aanvaar. Die bedrag van sodanige bydraes moet deur die persone aan wie die hoewe toegeken word, kontant aan die regering betaal word, of kan, as die persoon aan wie die hoewe toegeken word, sulks verkies, by die waardering van die hoewe gevoeg word, en in so 'n geval word die bedrag van huurgeld en rente op die koopprys ooreenkomstig verhoog. Die suksesvolle applikante om enigeen van die hoewes wat geheel of gedeeltelik omhein is, moet ooreenkomstig die Omheiningswet van 1912, of wysiging daarvan, aanspreeklikheid aanvaar vir enige bedrae wat deur die eienaars van aangrensende plase kragtens die wet gevorder word.

Algemeen—

Ingeval van ongelukke van persone of vee wat plaasvind as gevolg van die bestaan van skagte, tonnels en ander toestande veroorsaak deur prospekteer- en mynwerksaamhede onderneem voor die datum van aanvang van die huurkontrak is die huurder nie geregtig tot vergoeding van die kant van die regering of die prospekteerder of die kleimeienaar nie.

Die regering behou alle regte op minerale, mineraalprodukte, mineraalolies, metale en edelgesteentes tensy anders vermeld in hierdie kennisgewing.

Die departement het alle pogings aangewend om die informasie in hierdie kennisgewing vervat, so korrek moontlik op te gee, maar is nie aanspreeklik vir moontlike onjuisthede daarin nie.

Die huurgeld wat gedurende die huurtermyn van vyf jaar betaal is, word nie van die koopprys afgetrek ingeval die opsie van aankoop uitgeoefen word nie.

Applikante word aangeraai om die hoewes persoonlik te inspekteer alvorens aansoek daarom te doen. Landrade is by die oorweging van aansoeke om hoewes, nie geneig om aan te beveel dat toekennings gemaak word aan applikante wat versuim het om die hoewes waarom hulle aansoek gedoen het persoonlik te inspekteer of deur iemand anders namens hulle te laat inspekteer nie. Die regering staan geen spoorweg- of ander vervoerkonsessies in verband met die inspeksie van hoewes toe nie.

Inbesitneming kan onmiddellik na toekenning toegestaan word tensy in die brief van toekenning anders bepaal word.

Alle aansoeke moet gedoen word op die voorgeskrewe vorm wat verkrygbaar is by die magistrate van die distrikte waarin die hoewes geleë is; die Sekretaris van Lande, Pretoria; die Provinsiale Verteenwoordiger, Department van Lande, Parlementstraat, Kaapstad; en die Provinsiale Verteenwoordiger, Departement van Lande, Posbus 316, Bloemfontein.

Die departement het 'n personeel wat spesiaal aansoeke en navrae betreffende grond behandel en aanstaande nedersetters wat met betrekking tot grondnedersetting inligting verlang, word aangeraai om aansoeke om inligting regstreeks aan die Departement van Lande, Uniegebou, Pretoria, te rig.

DEPARTMENT OF RAILWAYS AND HARBOURS.

The following Government Notices are published for general information:—

✱ No. 630.] [5 May 1939.

It is notified that His Excellency the Governor-General has been pleased, in terms of section *three* of the Tourist Development Corporation Act, No. 15 of 1938, to approve of all the persons mentioned in Notice No. 489, which appeared in the *Government Gazette*, dated the 14th April, 1939, being appointed with effect from the date mentioned therein, as members of the Board of Control of the Tourist Development Corporation of Southern Africa, for a period of five years instead of the various periods stated.

✱ No. 631.] [5 May 1939.

His Excellency the Governor-General has been pleased, in terms of section *forty-one* of Act No. 22 of 1916, to appoint Mr. Everet George Orsmond a member of the East London Harbour Advisory Board, *vice* Mr. Sidney Griffith Fuller, resigned.

DEPARTMENT OF MINES.

The following Government Notices are published for general information

No. 557.] [28 April 1939.

MECHANICAL AND ELECTRICAL ENGINEERS' EXAMINATION.

It is hereby notified that the Commission of Examiners for the Mechanical and Electrical Engineers' Certificate of Competency will hold the next examination on Wednesday, Thursday and Friday, the 14th, 15th and 16th June, 1939, at Johannesburg and also simultaneously at Dundee, Bloemfontein and Capetown if there are any applicants from these centres.

The prescribed form of application is obtainable, without payment, from the Secretary to the Commissions of Examiners, P.O. Box, 1132, Johannesburg.

Those wishing to enter for the examination must send in their applications (stating at which centre they wish to be examined) to reach the Secretary on or before the 20th May, 1939.

The following syllabus of examination is published for general information, and a detailed copy thereof will be supplied on application to the Secretary:—

MECHANICAL ENGINEERS.

Legal Knowledge.
Strength of Materials and Design of Structures.
Power Plant.
Driven Machinery and Mechanical Appliances.
Electro-technics (Elementary).

ELECTRICAL ENGINEERS.

Legal Knowledge.
Strength of Materials.
Power Plant.
Driven Machinery and Mechanical Appliances.
Electro-technics (Advanced).

Candidates for examination as mechanical or electrical engineers to take charge on mines, will, in addition to the foregoing subjects, be examined in "Mining Plant".

No. 587.] [28 April 1939.

PROPOSED DEPROCLAMATION OF PORTION "OO" OF PORTION OF LUIPAARDSVLEI No. 8, DISTRICT KRUGERSDORP.

It is hereby notified that, under the powers vested in him by sub-section (1) of section *thirty-one* of the Precious and Base Metals Act, 1908 (Act No. 35 of 1908 of the Transvaal), it is the intention of His Excellency the Governor-General to deproclaim as a public digging portion "OO" of portion of the farm Luipaardsvlei No. 8, District Krugersdorp, Mining District of Johannesburg, Transvaal Province, in extent 4,196 square feet, registered in the name of S. Zinn, as shown on approved diagram S.G. No. A.4338/38, copies whereof are filed in the Mining Titles Office, Johannesburg, and in the office of the Mining Commissioner, Johannesburg, under R.M.T. No. 281. M.M. 27/1/93.

DEPARTEMENT VAN SPOORWEË EN HAWENS.

Onderstaande Goewermentskennisgewings word vir algemene informasie gepubliseer.

✱ No. 630.] [5 Mei 1939.

Dit word bekendgemaak dat dit Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal behaag het om, kragtens artikel *drie* van die Wet op die Uitbreiding van Toeristeverkeer, No. 15 van 1938, goedkeuring te verleen aan die aanstelling van al die persone vermeld in Kennisgewing No. 489 wat in die *Staatskoerant* van 14 April 1939 gepubliseer is, vanaf die datum daarin genoem, as lede van die Beheerraad van die Korporasie vir die Uitbreiding van Toeristeverkeer van die Suide van Afrika, vir 'n tydperk van vyf jaar in plaas van die verskillende tydperke vermeld.

✱ No. 631.] [5 Mei 1939.

Dit het Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal behaag om, kragtens artikel *een-en-veertig* van Wet No. 22 van 1916, mnr. Everet George Orsmond as 'n lid van die Adviserende Raad, Oos-Londenhawe aan te stel in die plek van mnr. Sidney Griffith Fuller, wat bedank het.

DEPARTEMENT VAN MYNWESE.

Onderstaande Goewermentskennisgewings word vir algemene informasie gepubliseer:—

No. 557.] [28 April 1939.

EKSAMEN VIR WERKTUIGKUNDIGE EN ELEKTROTEGNIESE INGENIEURS.

Hierby word bekendgemaak dat die Eksamenkommissie vir 'n Werktuigkundige en Elektrotegniese Ingenieursertifikaat van Bekwaamheid 'n eksamen sal afneem op Woensdag, Donderdag en Vrydag, 14, 15 en 16 Junie 1939 op Johannesburg, en tegelykertyd ook op Dundee, Bloemfontein en Kaapstad as daar enige kandidate van die plekke is.

Die voorgeskrewe aansoekvorm is kosteloos verkrygbaar op aanvraag by die Sekretaris van die Eksamenkommissie, Posbus 1132, Johannesburg.

Diegene wat vir die eksamen wil inskryf moet hul aansoeke (met vermelding van die sentrum waar hulle die eksamen wil aflê) indien sodat dit die Sekretaris voor of op 20 Mei 1939 bereik.

Onderstaande eksamensillabus word vir algemene informasie gepubliseer, en 'n uitvoerige afskrif van die sillabus sal, op aanvraag, deur die Sekretaris verstrek word.

Kandidate sal in onderstaande vakke geëksamineer word:—

WERKTUIGKUNDIGE INGENIEURS.

Wetskennis.
Sterkte van Materiaal en die Ontwerp van Strukture.
Kragsmasjinerie.
Gedrewe Masjinerie en Meganiese Toestelle.
Elektrotegniek (elementêr).

ELEKTROTEGNIESE INGENIEURS.

Wetskennis.
Sterkte van Materiaal.
Kragsmasjinerie.
Gedrewe Masjinerie en Meganiese Toestelle.
Elektrotegniek (gevorderd).

Kandidate vir eksamen as werktuigkundige of elektrotegniese ingenieurs om toesig te hou oor masjinerie op myne sal, behalwe in bostaande onderwerpe, ook in „myninstallasie" geëksamineer word. 28-5-12

No. 587.] [28 April 1939.

VOORGENOME DEPROKLAMASIE VAN GEDEELTE „OO" VAN GEDEELTE VAN LUIPAARDSVLEI No. 8, DISTRIK KRUGERSDORP.

Hierby word bekendgemaak dat, ingevolge die bevoegdheid hom verleen by subartikel (1) van artikel *een-en-dertig* van die „Precious and Base Metals Act, 1908" (Wet No. 35 van 1908 van Transvaal), Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal voornemens is om gedeelte „OO" van gedeelte van die plaas Luipaardsvlei No. 8, distrik Krugersdorp, myndistrik Johannesburg, Provinsie Transvaal, groot 4,196 vierkante voet, geregistreer op naam van S. Zinn, soos aangetoon op goedgekeurde kaart S.G. No. A.4338/38, waarvan afdrukke in die Mynbriewekantoor, Johannesburg, en in die kantoor van die Mynkommissaris, Johannesburg, onder R.M.T. No. 281 berus, as 'n publieke delwery te deproklameer.

5-12-19 M.M. 27/1/93.

✱ No. 621.] [5 May 1939.

RESERVATION OF GROUND FOR TOWNSHIP PURPOSES.

Notice is hereby given that His Excellency the Governor-General, under the powers vested in him by section *five* of the Townships Amendment Act, 1908 (Act No. 34 of 1908 of the Transvaal), as amended by section *forty-eight* of the Mineral Law Amendment Act, 1934 (Act No. 36 of 1934), has reserved for township purposes a certain portion of proclaimed land, in extent approximately 6 morgen 113 square roods, situate on the farm Klippoortje No. 13, District Germiston, Mining District of Johannesburg, Province of the Transvaal, registered in the names of Donald Campbell Mackay, Leonard Cecil Knowles and Sidney James Evans, as shown on a plan, copies whereof are filed in the Mining Titles Office, Johannesburg, and in the Office of the Mining Commissioner, Johannesburg, under R.M.T. No. 280.

M.M. 17/224.

✱ No. 622.] [5 May 1939.

PROPOSED DEPROCLAMATION OF PORTION C OF THE FARM HARTBEESTFONTEIN No. 98, DISTRICT PIETERSBURG, MINING DISTRICT OF PIETERSBURG.

It is hereby notified that, under the powers vested in him by sub-section (1) of section *thirty-one* of the Precious and Base Metals Act, 1908 (Act No. 35 of 1908 of the Transvaal), it is the intention of His Excellency the Governor-General to deproclaim as a public digging portion C of the farm Hartbeestfontein No. 98, District Pietersburg, Mining District of Pietersburg, Transvaal Province, in extent 1,341 morgen 213 square roods, registered in the names of William James Stilwell and Atwick Pinix Hipkin, as shown on a plan, copies whereof are filed in the Mining Titles Office, Johannesburg, and in the Office of the Mining Commissioner, Pietersburg, under R.M.T. No. 285.

M.M. 15/1/1312.

✱ No. 623.] [5 May 1939.

PROPOSED PROCLAMATION OF CERTAIN PORTION OF NIETGEDACHT *ALIAS* NOOITGEDACHT No. 53, DISTRICT KLERKSDORP, MINING DISTRICT OF KLERKSDORP.

It is hereby notified that, under the powers vested in him by section *twenty-six* of the Precious and Base Metals Act, 1908 (Act No. 35 of 1908 of the Transvaal), it is the intention of His Excellency the Governor-General to proclaim as a public digging for precious metals in terms of Chapter IV of the said Act, a certain portion of the farm Nietgedacht *alias* Nooitgedacht No. 53, District Klerksdorp, Mining District of Klerksdorp, Transvaal Province, in extent 132.5513 morgen, and registered in the names of Western Reefs Exploration and Development Company, Limited, and P. M. Lotz, as shown on approved diagram S.G. No. A.780/39, copies whereof are filed in the Mining Titles Office, Johannesburg, and in the Office of the Mining Commissioner, Klerksdorp, under R.M.T. No. 275.

M.M. 14/288.

✱ No. 627.] [5 May 1939.

CANCELLATION OF DIAMOND CUTTERS' LICENCES.

It is hereby notified, in terms of sub-section (6) of section *one* of the Diamond Cutting Act, 1919 (Act No. 38 of 1919), that the Minister of Mines has cancelled the licences granted on the 17th September, 1921, and 26th July, 1926, to Messrs. Josephus Wilhelmus Vermey and Pieter Hendrik Vermey, respectively, to carry on the business of diamond cutting at 115-117 Kerk Street, Johannesburg.

M.M. 25/8/39.

✱ No. 621.] [5 Mei 1939.

UITHOU VAN GROND VIR DORPSDOELEINDES.

Hierby word bekendgemaak dat Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal, ingevolge die bevoegdheid hom verleen by artikel *vyf* van die „ Townships Amendment Act, 1908 " (Wet No. 34 van 1908 van Transvaal), soos gewysig by artikel *ag-en-veertig* van die Minerale Wysigingswet, 1934 (Wet No. 36 van 1934), 'n sekere gedeelte geproklameerde grond, groot ongeveer 6 morge 113 vierkante roede, geleë op die plaas Klippoortje No. 13, distrik Germiston, myndistrik Johannesburg, Provinsie Transvaal, geregistreer op name van Donald Campbell Mackay, Leonard Cecil Knowles en Sidney James Evans, soos aangetoon op 'n kaart waarvan afdrukke in die Mynbriewekantoor, Johannesburg, en in die kantoor van die Mynkommissaris, Johannesburg, onder R.M.T. No. 280 berus, vir dorpsdoeleindes uitgehou het.

M.M. 17/224.

✱ No. 622.] [5 Mei 1939.

VOORGENOME DEPROKLAMASIE VAN GEDEELTE C VAN DIE PLAAS HARTBEESTFONTEIN No. 98, DISTRIK PIETERSBURG, MYNDISTRIK PIETERSBURG.

Hierby word bekendgemaak dat, ingevolge die bevoegdheid hom verleen by subartikel (1) van artikel *een-en-dertig* van die „ Precious and Base Metals Act, 1908 " (Wet No. 35 van 1908 van Transvaal), Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal voornemens is om gedeelte C van die plaas Hartbeestfontein No. 98, distrik Pietersburg, myndistrik Pietersburg, Provinsie Transvaal, groot 1,341 morge 213 vierkante roede, geregistreer op name van William James Stilwell en Atwick Pinix Hipkin, soos aangetoon op 'n kaart, afdrukke waarvan in die Mynbriewekantoor, Johannesburg, en in die kantoor van die Mynkommissaris, Pietersburg, onder R.M.T. No. 285 berus, as 'n publieke delwery te deproklameer.

5-12-19-26

✱ No. 623.] [5 Mei 1939.

VOORGENOME PROKLAMASIE VAN SEKERE GEDEELTE VAN DIE PLAAS NIETGEDACHT *ALIAS* NOOITGEDACHT No. 53, DISTRIK KLERKSDORP, MYNDISTRIK KLERKSDORP.

Hierby word bekendgemaak dat, ingevolge die bevoegdheid hom verleen by artikel *ses-en-twintig* van die „ Precious and Base Metals Act, 1908 " (Wet No. 35 van 1908 van Transvaal), Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal voornemens is om 'n sekere gedeelte van die plaas Nietgedacht *alias* Nooitgedacht No. 53, distrik Klerksdorp, myndistrik Klerksdorp, Provinsie Transvaal, groot 132.5513 morge, en geregistreer op name van „ Western Reefs Exploration and Development Company, Limited ", en P. M. Lotz, soos aangetoon op goedgekeurde kaart S.G. No. A.780/39, waarvan afdrukke in die Mynbriewekantoor, Johannesburg, en in die kantoor van die Mynkommissaris, Klerksdorp, onder R.M.T. No. 275 berus, as 'n publieke delwery vir edele metale kragtens Hoofstuk IV van gemelde Wet, te proklameer.

M.M. 14/288.

✱ No. 627.] [5 Mei 1939.

INTREKKING VAN DIAMANTSLYPERSLISENSIES.

Hierby word bekendgemaak, ooreenkomstig subartikel (6) van artikel *een* van die „ Wet op Diamantslijperijen ", 1919 (Wet No. 38 van 1919), dat die Minister van Mynwese die lisensies wat op 17 September 1921 en 26 Julie 1926 onderskeidelik aan mnre. Josephus Wilhelmus Vermey en Pieter Hendrik Vermey toegeken is om die diamantslypersbedryf te Kerkstraat 115-117, Johannesburg, uit te oefen, ingetrek het.

M.M. 25/8/39.

DEPARTMENT OF POSTS AND TELEGRAPHS.

The following Government Notices are published for general information:—

✱ No. 615.] [5 May 1939.

SALE OF UNCLAIMED ARTICLES, CAPETOWN.

An assortment of undelivered and unclaimed articles sent through the post will, on the authority of the Postmaster-General, be sold by public auction by Messrs. Zoutendyk Bros., Ltd., at the Post Office Stores Depot, Prestwich Street, Capetown, at 10 a.m. on Tuesday, the 23rd May, 1939.

A list of the articles to be sold can be inspected at the Returned Letter Office, Room 114, General Post Office, Capetown.

DEPARTMENT OF INTERIOR.

The following Government Notices are published for general information:—

✱ No. 606.] [24 April 1939.

APPOINTMENT: ACTING COMMISSIONER OF MENTALLY DISORDERED AND DEFECTIVE PERSONS.

It is hereby notified for general information that the Governor-General-in-Council has been pleased to approve, under the provisions of section *ninety-four* of Act No. 27 of 1923, of the appointment of Dr. Pieter Jacobus Gerhardus de Vos, Physician Superintendent, Mental Hospital, Pretoria, to act as Commissioner of Mentally Disordered and Defective Persons, from time to time whenever necessary during the absence on leave or duty of Dr. William Russell, Commissioner of Mentally Disordered and Defective Persons.

✱ No. 611.] [27 April 1939.

REVOCATION OF APPOINTMENTS AS MARRIAGE OFFICERS.

The Minister of the Interior has revoked, in terms of section *four* of Act No. 43 of 1916, the authority to solemnize marriages of the undermentioned ministers of religion.

For the Union of South Africa.

Herbert A. Oliver, of the Church of England.

For the Province of the Cape of Good Hope.

Leibe Locketz, of the Riversdale and Heidelberg Hebrew Congregation.

For the Province of the Orange Free State.

Alpheus Benjamin Sidake, of the Methodist Church of South Africa.

For the Province of Natal.

Zachariah Mesatywa, of the Wesleyan Methodist Church of South Africa.

Philemon Jozana, of the Methodist Church of South Africa.

✱ No. 612.] [5 May 1939.

DEPARTMENT OF THE INTERIOR.

It is hereby notified for general information that His Excellency the Governor-General has been pleased, in terms of section *ninety-eight* of the Public Service Act, 1923, to make the following amendments to the Public Service Regulations with effect from 1st May, 1939:—

PART VI.

Public Service Regulation No. 132, including the heading, is hereby deleted and the following new regulation substituted therefor:—

"132. If circumstances justify such a course, the Postmaster-General may authorise a departure from the provisions of the regulations in this part on such terms and conditions as the Commission may recommend, provided that any such departure which involves the incurrence of additional expenditure shall be subject to approval by the Treasury."

Public Service Regulation No. 133, including the heading, is hereby deleted and the following new regulation substituted therefor:—

"*Definition of Executive Posts in the Clerical Division.*

133. The undermentioned offices or posts in the Executive branch of the department of Posts and Telegraphs shall, for the purposes of sub-section (5) of section

DEPARTEMENT VAN POS- EN TELEGRAAFWESE.

Onderstaande Goewermentskennisgewings word vir algemene informasie gepubliseer:—

✱ No. 615.] [5 Mei 1939.

VERKOPING VAN ONAFGEHAALDE ARTIKELS, KAAPSTAD.

Op las van die Posmeester-generaal sal 'n hoeveelheid onafgelewerde en onafgehaalde artikels wat deur die pos gestuur is, om 10 v.m. op Dinsdag, 23 Mei 1939, deur die firma Zoutendyk Gebrs., Bpk., by die Poskantoormagasyn, Prestwichstraat, Kaapstad, per publieke veiling verkoop word.

'n Lys van die artikels wat verkoop sal word, is by die Kantoor vir Onafgehaalde Briewe, Kamer 114, Hoofposkantoor, Kaapstad, vir insae beskikbaar.

DEPARTEMENT VAN BINNELANDSE SAKE.

Onderstaande Goewermentskennisgewings word vir algemene informasie gepubliseer:—

✱ No. 606.] [24 April 1939.

AANSTELLING: WAARNEMENDE KOMMISSARIS VAN GEESTELIK GEKRENKTE OF GEBREKKIGE PERSONE.

Hierby word vir algemene informasie bekengemaak dat dit die Goewerneur-generaal-in-rade behaag het om, ingevolge die bepalings van artikel *vier-en-negentig* van Wet No. 27 van 1923, die aanstelling van dr. Pieter Jacobus Gerhardus de Vos, Geneesheer-bestuurder, Sielsiekeshospitaal, Pretoria, om waar te neem as Kommissaris van Geestelik Gekrenkte of Gebrekkige Persone, van tyd tot tyd wanneer dit nodig is gedurende die afwesigheid op verlof of diens, van dr. William Russell, Kommissaris van Geestelik Gekrenkte of Gebrekkige Persone, goed te keur.

✱ No. 611.] [27 April 1939.

HERROEPING VAN AANSTELLINGS AS HUWELIKSBEVESTIGERS.

Die Minister van Binnelandse Sake het, ooreenkomstig artikel *vier* van Wet No. 43 van 1916, die bevoegdheid van ondergenoemde persone om huwelike te bevestig, herroep.

Vir die Unie van Suid-Afrika.

Herbert A. Oliver, van die Kerk van Engeland.

Vir die Provinsie Kaap die Goeie Hoop.

Leibe Locketz, van die Hebreeuse Gemeente van Riversdal en Heidelberg.

Vir die Provinsie Oranje-Vrystaat.

Alpheus Benjamin Sidake, van die Metodistekerk van Suid-Afrika.

Vir die Provinsie Natal.

Zachariah Mesatywa, van die Wesleyaanse Metodistekerk van Suid-Afrika.

Philemon Jozana, van die Metodistekerk van Suid-Afrika.

✱ No. 612.] [5 Mei 1939.

DEPARTEMENT VAN BINNELANDSE SAKE.

Hiermee word vir algemene informasie bekendgemaak dat dit Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal behaag het om, kragtens artikel *agt-en-neëntig* van die „ Staatsdienst Wet ", 1923, onderstaande wysigings in die Staatsdiensregulasies met ingang van 1 Mei 1939 te maak:—

AFDELING VI.

Staatsdiensregulasie No. 132, met inbegrip van die opskrif, word hierby geskrap en deur die volgende nuwe regulasie vervang:—

„ 132. Indien omstandighede sulks regverdig, kan die Posmeester-generaal magtiging vir 'n afwyking van die bepalings van die regulasies in hierdie afdeling verleen op sodanige voorwaardes as wat die Kommissie aanbeveel; met dien verstande dat enige afwyking van hierdie aard wat addisionele uitgawe meebring aan Tesourie-goedkeuring onderhewig is."

Staatsdiensregulasie No. 133, met inbegrip van die opskrif, word hierby geskrap en deur die volgende nuwe regulasie vervang:—

„ *Omskrywing van „Uitvoerende Poste in die Klerklike Tak.'*

133. Ondergemelde ampte of poste in die uitvoerende afdeling van die Pos- en Telegraafdepartement word vir die doeleindes van subartikel (5) van artikel *tien* van

ten of the Act, be regarded as included in the clerical division, namely:

(*a*) post and telegraph assistants, first and second grades;
(*b*) woman post and telegraph assistants, special, first and second grades;
(*c*) probationer post and telegraph assistants.

In the regulations in this part, the holders of posts mentioned in (*a*) and (*b*) of this regulation are referred to as " clerks '."

Public Service Regulation No. 134, including the heading, is hereby deleted and the following new regulation substituted therefor:—

" *Appointment as Clerk.—Qualifications for.*

134. No person shall be appointed as a clerk unless he is qualified—

(*a*) in accordance with regulation No. 140; or
(*b*) in accordance with regulation No. 142; or
(*c*) in accordance with regulation No. 143.

Public Service Regulation No. 135, including the heading, is hereby deleted and the following new regulation substituted therefor:—

" *Training of Probationer Post and Telegraph Assistants.*

135. The Postmaster-General shall arrange, as may be necessary, to train youths and girls, hereinafter referred to as probationers, in the work of the department and according to curricula approved by the Commission."

Public Service Regulation No. 136, including the heading, is hereby deleted.

Public Service Regulation No. 137, including the heading, is hereby deleted and the following new regulation substituted therefor:—

" *Qualifications for Appointment as Probationer.*

137. (1) No person shall be appointed as a probationer unless—

(*a*) he has passed the Junior Certificate examination of the University of South Africa or an examination which, in the opinion af the Commission, is of a standard as high as or higher than the said examination;
(*b*) in the case of a youth he is of the age of 15 years and under the age of 18 years, and, in the case of a girl she is of the age of 16 years and under the age of 19 years.

(2) Before any person is appointed as a probationer he shall satisfy the Commission of his suitability for employment in the department and shall produce evidence of the date of his birth, a certificate of health and physical suitability and certificates of character from two responsible persons."

Public Service Regulation No. 138, including the heading, is hereby deleted.

Public Service Regulation No. 139, including the heading, is hereby deleted.

Public Service Regulation No. 141 is hereby amended by the substitution of the word " sixteen " for the word " fifteen " and the deletion of the words " and under the age of twenty-five years."

Public Service Regulation No. 142 is hereby amended—

(*a*) by substituting the word " vier-en-twintig " for the word " vyf-en-twintig " in the Afrikaans version of proviso (*b*) to paragraph (1);
(*b*) by the addition of the following sentence at the end of proviso (*e*) to paragraph (1):—
" Success at an examination held in terms of regulation No. 140 shall be a condition precedent to the issue of any such certificate.";
(*c*) by the deletion from paragraph (2) of the words " and shall be considered for appointment in order of his seniority ";
(*d*) by the deletion from paragraph (3) of the words " and his seniority will be governed by the date of his appointment as clerk ".

Public Service Regulation No. 143 is hereby amended by the insertion in sub-paragraph (*c*) between the words " in " and " regulation " of the words " terms of ".

Public Service Regulation No. 144, including the heading, is hereby deleted and the following new regulation substituted therefor:—

" *Application for appointment as Clerk or Probationer.*

144. Any person desiring appointment as a clerk or probationer shall make application to the Commission on the approved form."

Public Service Regulation No. 145, including the heading, is hereby deleted and the following new regulation substituted therefor:—

" *Appointment as Clerk dependent upon Vacancies.*

145. Appointment as clerk shall depend entirely upon the occurrence of vacancies for such on the fixed establishment."

die Wet beskou as by die klerklike tak ingedeel te wees, t.w.—

(*a*) pos- en telegraafassistente, eerste en tweede grade;
(*b*) vroulike pos- en telegraafassistente, spesiale, eerste en tweede grade;
(*c*) proefpos- en -telegraafassistente.

In die regulasies van hierdie Afdeling word die bekleërs van poste vermeld onder (*a*) en (*b*) van hierdie regulasie , klerke ' genoem."

Staatsdiensregulasie No. 134, met inbegrip van die opskrif, word hierby geskrap en deur die volgende nuwe regulasie vervang:—

„ *Aanstelling as Klerk.—Vereiste Kwalifikasies.*

134. Niemand word as klerk aangestel nie tensy hy gekwalifiseer is—

(*a*) ooreenkomstig regulasie No. 140; of
(*b*) ooreenkomstig regulasie No. 142; of
(*c*) ooreenkomstig regulasie No. 143."

Staatsdiensregulasie No. 135, met inbegrip van die opskrif, word hierby geskrap en deur die volgende nuwe regulasie vervang:—

„ *Opleiding van Proefpos- en -telegraafassistente.*

135. Volgens dit nodig is, tref die Posmeestergeneraal reëlings vir die opleiding van jongmans en meisies, hierna proefwerkers genoem, in die werk van die departement en ooreenkomstig leergange deur die Kommissie goedgekeur."

Staatsdiensregulasie No. 136, met inbegrip van die opskrif, word hierby geskrap.

Staatsdiensregulasie No. 137, met inbegrip van die opskrif, word hierby geskrap en deur die volgende nuwe regulasie vervang:—

„ *Kwalifikasies vir Aanstelling as Proefwerker.*

137. (1) Niemand word as proefwerker aangestel nie tensy—

(*a*) hy geslaag het in die Juniorsertifikaateksamen van die Universiteit van Suid-Afrika of 'n eksamen wat na die oordeel van die Kommissie ewe hoog of hoër as genoemde eksamen staan.
(*b*) in die geval van 'n jongman, hy 15 jaar en onder 18 jaar oud is, en, in die geval van 'n meisie, sy 16 jaar en onder 19 jaar oud is.

(2) Alvorens iemand as proefwerker aangestel word, moet hy die Kommissie oortuig dat hy geskik is vir aanstelling in die departement; bewys lewer van die datum van sy geboorte, en 'n sertifikaat van gesondheid en liggaamlike geskiktheid en getuigskrifte van goeie gedrag, gegee deur twee verantwoordelike persone, voorlê."

Staatsdiensregulasie No. 138, met inbegrip van die opskrif, word hierby geskrap.

Staatsdiensregulasie No. 139, met inbegrip van die opskrif, word hierby geskrap.

Staatsdiensregulasie No. 141 word hierby gewysig deur die woord „ vyftien " te vervang deur die woord „ sestien " en die woorde „ en jonger as vyf-en-twintig jaar " te skrap.

Staatsdiensregulasie No. 142 word hierby gewysig:—

(*a*) deur die woorde „ vyf-en-twintig " wat in die Afrikaanse teks van voorbehoudsbepaling (*b*), paragraaf (1) voorkom, te vervang deur die woorde „ vier-en-twintig ";
(*b*) deur die volgende sin aan die end van voorbehoudsbepaling (*e*), paragraaf (1) by te voeg:—
„ Sukses in 'n eksamen wat ooreenkomstig regulasie No. 140 gehou is, is 'n voorwaarde vir sodanige bevestiging.";
(*c*) deur die woorde „ en hy kom vir aanstelling in aanmerking na die orde van sy diensrang." in paragraaf (2) te skrap;
(*d*) deur die woorde „ en sy diensrang hang af van die datum waarop hy as klerk aangestel is " in paragraaf (3) te skrap.

Staatsdiensregulasie No. 143 word hierby gewysig deur die woorde „ in regulasie " in sub-paragraaf (*c*), te vervang deur die woorde „ ooreenkomstig regulasie ".

Staatsdiensregulasie No. 144, met inbegrip van die opskrif, word hierby geskrap en deur die volgende nuwe regulasie vervang:—

„ *Aansoek om Aanstelling as Klerk of Proefwerker.*

144. Enigeen wat as klerk of proefwerker aangestel wil word, moet op die goedgekeurde vorm by die Kommissie aansoek doen."

Staatsdiensregulasie No. 145, met inbegrip van die opskrif, word hierby geskrap en deur die volgende nuwe regulasie vervang:—

„ *Aanstelling as Klerk afhanklik van Vakatures.*

145. Aanstelling as klerk is volkome afhanklik van vakatures wat daarvoor op die vaste personeel ontstaan."

Public Service Regulation No. 146, including the heading, is hereby deleted and the following new regulation substituted therefor:—

"*Efficiency Barrier for Clerks.*

146. (1) Before being allowed to proceed beyond a salary of £200 per annum, every male clerk shall be required to pass an examination in the work of the department as prescribed by the Commission from time to time. The examination shall consist of two parts—a practical test and a written paper—and shall be conducted by such officers and at such times as the Postmaster-General may direct and the Postmaster-General shall notify to the Commission the names of all clerks who pass.

(2) A clerk appointed under paragraph (*b*) of regulation No. 134 who, on such appointment, is in receipt of £200 per annum or more and a clerk appointed under paragraph (*c*) of regulation No. 134 at a commencing salary of £200 per annum or more, shall receive no further advancement in salary until he has passed such examination.

(3) A clerk who has attained a salary of £185 per annum may be permitted to enter for the examination and shall be required to do so after he has attained a salary of £200 per annum; provided that no clerk appointed under paragraphs (*b*) and (*c*) of regulation No. 134, at a salary of £170 per annum or more, shall be required to enter for the examination until the expiration of two years reckoned from the date of his appointment as a clerk.

(4) A clerk failing to pass the examination at the first attempt will be allowed further attempts, not exceeding four in all, at intervals of approximately six months.

